

25 Desember - WYSHEID

Skrifgedeelte: Jakobus 1:2-11

Fokusgedeelte: Jakobus 1:5

Beproewinge is een of ander tyd deel van elke gelowige se lewe. Jy word moontlik ernstig siek. Jy worstel met finansiële probleme. Jy sukkel met 'n krisis by die werk. Die vraag is: Hoekom gebeur dit?

Jakobus sê jy moet baie bly wees wanneer dit gebeur, want dit is vir jou 'n geloofstoets. God is met jou besig. Beproewinge suiwer jou geloof, sodat jy kan leer om te volhard in die geloof, en geestelik te kan groei.

In sulke tye moet jy dikwels baie belangrike besluite neem. Soms kan dit vir jou 'n krisis wees. Wat moet jy dan doen? Jakobus sê dat dit net God is wat aan jou in sulke tye wysheid kan gee. In Jakobus 3:17 beskrywe Jakobus hier die wysheid wanneer hy sê: *“Maar die wysheid wat van Bo kom, is allereers sonder bybedoelings, en verder is dit vredeliewend, insiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, opreg.”* Dit is die wysheid wat jou sal help om reg te besluit. Bid tot God en vra vir Hom die wysheid wat jy nodig het.

Hier kry ons ook 'n wonderlike versekering uit die Woord. God gee sonder voorbehoud en sonder enige bybedoeling wysheid aan elkeen wat dit van Hom vra.

God is 'n God wat gee. Hy gee sonder voorbehoud en sonder verwyf. By God is daar geen terughoudendheid wanneer Hy gee nie; daarom moet jy ook nie terughoudend wees om te vra na wysheid nie. God hoor graag en help graag.

Daar is egter 'n voorwaarde. Jou gebed moet 'n gebed in die geloof wees – jy mag in geen enkele opsig twyfel nie. God wil hê dat jy Hom ten volle moet vertrou.

Indien jy dit doen, sal God jou seën en aan jou al die wysheid gee wat jy nodig het vir elke besluit. Christus is die wysheid wat van God kom (1 Kor 1:30).

Psalm 119:1 (1936-beryming)

Ds PJ van der Walt (Ladybrand-Tweespruit)